Stellenbosch | Franschhoek | Pniel | Kylemore

Gazette

10 JAAR
Suid-Afrika se nommer 1 - beste voorblad vir gratis gemeenskaps-koerante

SA
LIGHTING ELECTRICAL
☎ 021 - 887 2786
WE WILL BEAT ANY WRITTEN QUOTES ON LIGHT FITTINGS!

We Care • Ons Gee Om

Year 11 • Tuesday 29 June - Monday 5 July 2010

FREE • GRATIS

BINNE • INSIDE

Grant Williams has a mission 3

Stellies se pienkvoete presteer 8

Ddisselblom live at Stellenrust 4



WYNFEES -2

Butchery

WINTER MEAT COMBO FOR ONLY R100!

Two Whole Chickens, One Smoked Eisbein, One Pickled Tongue per 4kg + pack

lekka low PRICE

JUICY CITRUSDAL ORANGES

7.99 PER POCKET



3 for R10

Large Juicy Pineapples

3 for R10

Large Avocados

3.99

Large Golden Bananas per kg

3 for R20

Forelle Pears 1.5kg Econopacks

3 for R20

White Button Mushroom 250g Punnets

4.99

Red & White Sweet Potatoes per kg

FRUIT & VEG City

Shop 9, Die Boord Centre, Safraan Str. Stellenbosch • Tel: (021) 887 3671 T/Hours: • Mon -Thurs: 9:00 - 18:00
Fri: 9:00 - 18:30 • Sat: 9:00 - 17:00 • Sun: 9:00 - 14:00

Valid Dates: Wed 30 June - Sun 4 July

met Adele Myburgh
Kontak: 021 887 2840
adele.myburgh@eikestadnuus.com

Win with Fresh Goods Market

FROM 1 to 4 July lovers of the popular Fresh Goods Market at the historical Oude Libertas wine estate can visit a special Food and Wine Fair as part of the Stellenbosch Wine Festival.

The Oude Libertas Amphitheatre will showcase a fringe selection of local performing artists, music, drumming and dancing, so bring your cushions and sit back and enjoy the shows.

Children are also welcome. There will be soccer games, flag face painting, diski dancing, buddy bear, novelty items and laughs with the famous Eggman.

The soccer games will be broadcast on a big screen, and a cash bar will also be available.

Visitors are also welcome to shop at The Hearth Fair designer market for local organic crafts and emerging designs. The winelands is the place to be to show the world the true spirit of Africa.

The market will be open from 1 July to 3 July from 11:00 to 21:00 and from 11:00 to 17:00 on 4 July.

Entry costs R50 per person, and children under the age of 12 get in for free.

Wine Festival pass holders will be discounted.

■ Five tickets to the Food and Wine fair are up for grabs. To enter, SMS "WIN Fresh Goods" and your name to 34420 before 12:00 on Wednesday, 30 June. An SMS costs R2.

Onafhanklike ombudsman

VOLGENS die redaksionele beleid van die *Gazette* verwelkom ons voorstelle en kommentaar oor die koerant se inhoud en stel ons beduidende foute so gou as moontlik reg.

Stuur asseblief inligting oor die regstelling van foute in die koerant aan die ombudsman van Media24 se gemeenskapspers, George Claassen, by george.claassen@media24.com of bel hom by 021 851 3232 of 083 543 2471.

Lesers kan ook klagtes oor die inhoud by die Persombudsman van Suid-Afrika, Joe Thloloe, aanhangig maak.

Skakel in daardie verband gerus 011 484 3612/8, stuur 'n faks aan 011 484 3619 of 'n e-pos na khanyim@ombudsman.org.za of johann@ombudsman.org.za.

HEARING AID ACOUSTICIAN
MICHAEL FOURIE SHAA B. Pharm
HEARING TESTS
HEARING AIDS
If you are interested, SMS "HEAR" to 34007
Contracted into Medical Aids
EIKESTAD MALL MEDICAL CENTRE
By appointment only
Call toll-free 0800 166 947

Wynfees spog met nuwe baadjie

DIE gewilde Stellenbosch Wynfees word vanjaar van 1 to 5 Julie in 'n splinternuwe formaat aangebied.

Tydens die vyf-daagse feesvierings sal deelnemende plase wat op die gewilde Stellenbosch American Express® Wynroetes geleë is, hul kelderdeure oopgooi vir 'n kleurryke reënboog van familievriendelike aktiwiteite om die jolige hordes te vermaak.

Vanjaar se program bied 'n uiteenlopende keurspel van aktiwiteite om van te kies, wat wissel van avontuurlustige dagtoere; interaktiewe wynmaak-ervarings en sakpas restaurant- en akkommodasie-aanbiedinge, tot eksklusiewe wynmakers-etes en onkonvensionele wynproeë.

Feesgangers kan die aktiwiteite geniet sonder om hulle oor padkaarte of die las van bestuur te kwel. Parkeer net jou voertuig by enige van die agt Stop-en-Ry punte, geleë te Bottelary Heuwels-wynsentrum, Blaauwklippen, Delvera, Eikendal, Oude Libertas, Skilpadvlei, Zorgvliet en die Doornbosch-inligtingsentrum, die sentrale opklimpunt van die fees.

Pendelbussies sal jou daarvandaan na die wynplaas van jou keuse neem.

Die Checkers Kaas-en-Wynstop sal by bogenoemde punte gereed staan om jou te bederf met hul eksklusiewe kase en wyn, terwyl jy op die volgende pendelbussie wag.

Die bussies begin reeds van 09:00 af rondrits.

Besoekers kan egter ook van hul eie vervoer gebruik maak om wynplase in die omgewing te besoek.

Vir diegene met 'n lus vir die lewe, wag daar die unieke Stellenbosch Wynfees Helikopter Extravaganza op Saterdag, 3 Julie en Sondag, 4 Julie.

Base 4-helikopters sal avontuurlustige wynliefhebbers tussen Blaauwklippen, Skilpadvlei en Zorgvliet vlieg.

Besprekings is noodsaaklik en kaartjies vir dié opwindende uitstappie word teen R750 per persoon verkoop, wat 'n kaartjie na die fees insluit. Vir meer inligting, skakel 021 934 4405.

Die Industry for Responsible Alcohol Use (ARA), wat reeds die afgelope drie jaar hul steun aan die Stellenbosch Wynfees bied, sal vanjaar weer verseker dat wynliefhebbers hulself geniet, maar steeds bewus is van die gevare wat alkoholmisbruik inhou. Feesgangers word dus aangemoedig om vooraf 'n bestuurder aan te wys indien hulle verkies om met hul eie voertuig tussen plase te ry.

Kaartjies vir die Stellenbosch Wynfees is beskikbaar teen R150 per persoon per dag of R500 vir die gouetoegangskaartjie, wat al vyf dae van die fees dek.

Die kaartjie sluit in 'n proeglas van Consol, 'n program en 5 koepons wat op feesaanbiedinge gespandeer kan word asook vervoer tussen plase. Kinders jonger as 18 jaar kan die fees gratis bywoon.

Kaartjies sal verkoop word by alle Stop-en-Ry- punte, die Doornbosch Inligtingsentrum of aanlyn by Computicket of www.wineroute.co.za.

Vir meer inligting oor die Wynfees, geborg deur American Express Kaarte®, ☎ 021 886 4310 of besoek www.wineroute.co.za.

■ Een gelukkig leser kan 'n J.C. Le Roux-ervaring wen wat 'n middagete by Seasons-restaurant en 'n hemelse nougat- en vonkelwyn-proeter waarde van R250, insluit. Om in te skryf, stuur jou naam en van met die onderwerp Stellenbosch Wynfees / *Gazette* aan anine@gc-com.co.za teen 12:00 op Woensdag, 30 Junie.

Die Christian Youth Movement (CYM) Stellenbosch het onlangs Jeugdag by die VG Kerk in Cloetesville gevier. Die CYM is een van die talle sang- en dansgroepe wat opgetree het. Hier is hulle by die hooforganiseerder, Rhea Michau (heel links). Foto: Elbé van Heerden

Rookwette en rokers, die alewige stryd

TUSSEN DIE BOOM EN DIE BAS
Elbé van Heerden

EK lees nou die dag dat die Amerikaners hul rookwette só verander het, dat jy nie meer die woorde "lights" of "mild" op sigaretpakkies mag gebruik nie.

Die idee is om rokers twee keer oor dié slegte gewoonte, wat tot menige kwale kan lei, te laat dink. Blykbaar verlei die sigaretmaatskappye hul verbruikers deur hulle te oortuig die "ligter" variasies nie so skadelik is nie.

Wat die meeste mense nie besef is nie, is dat rokers presies weet wat hulle aan hulself doen.

Hulle word gebombardeer met artikels in die media oor nuwe wetgewing, hoe ongesond dit is en hoe regerings sigaretverkope probeer stuit. Ons sien elke dag die waarskuwing op die pakkie, al wil ons dit eerder ignoreer.

Ons word oral verjaag. Eers was dit uit plekke soos rolprentteaters, toe die siektes wat dit veroorsaak, begin bekend raak. Later was dit uit restaurante en inkopiesentrums.

Deesdae het die regering ook op kuierplekke begin toeslaan. 'n Derde van hul ruimte moet vir rokers afgeskort word, sodat nie-rokers gesond buite die glashok kan bly.

Maar ons laat ons nie onderkry nie. Ons durf selfs in die middel van die winter die reën en koue vir 'n bietjie nikotien aan.

Ons het niemand nodig om ons te vertel hoe skadelik dié gewoonte is nie.

Daardie kuggie waarmee jy in die oggend wakker word, herinner jou daaraan dat jy besig is om jou longe vol teer te prop.

Niemand besef die eintlike verslawing meer as die roker self nie, veral aan die einde van die maand wanneer jy jou laaste sente bymekaarskraap om eerder 'n pakkie kankerstokkies as 'n brood te koop.

Los ons eerder net in vrede.

Om op te hou is 'n besluit wat elkeen self moet neem, en niemand en niks gaan jou oortuig nie.

Ons sal die wetlike vyf meter van vensters en deure wegstaan, seker maak daar is nie kinders in die omtrek nie, aanhou opdok vir die sondebelasting wat die regering so gretig in sy sak druk en vér wegbly van skole.

Hou op om langs jou neus af te loer en ons van daar bo af te vertel ons maak onsself dood. Dis ons eie keuse.

Die dag sal kom wanneer elke roker besef die tyd het aangebreek om daardie aaklige pakkie in die drom te gooi.

Dis dán wanneer ons jou nodig het. Om ons by te staan deur die buierigheid en honger, en om seker te maak ons kom skoon aan die ander kant uit.